Publication: Huisgenoot
Date: 02 Feb 2017
Page: 47



JOU GELD-SAKE



# SORG VIR JOU DIERE

Deur **LETITIA WATSON**
Stuur voorstelle en versoeke na geldsake@huisgenoot.com. E-posse sal sover moontlik in die rubriek beantwoord word en nie persoonlik nie.

Al gedink wat van jou hondekind gaan word as jy onverwags sou sterf? Tref nou voorsorg

## JOU TESTAMENT

Troeteldiere is nie bates nie en kan dus nie wetlik in jou testament aan iemand nagelaat word nie. Jy kan wel in jou testament geld nalaat aan iemand wat jy vertrou om jou diere te versorg. So 'n bepaling sal wetlik bindend wees, bevestig Ronel Williams van die Fidusière Instituut van Suider-Afrika. Iemand wat dit teenstaan, byvoorbeeld gierige familie, sal moet bewys dat jy as testateur nie bevoeg was om 'n testament op te stel nie of dat jy onredelik beïnvloed is met die opstel daarvan.

## VOORWAARDES

Dit kan onprakties wees om geld na te laat aan iemand om na die diere om te sien. As jy wil verseker die geld word inderdaad vir jou troeteldiere se versorging gebruik, moet jy 'n voorwaarde daaraan koppel. Word daar nie aan die voorwaarde voldoen nie, verval die erflating. Dus moet iemand verseker dat dit nagekom word. Jy moet ook in jou testament voorsorg tref vir wat moet gebeur as dit verontagsaam word. Kenners meen 'n trust is 'n goeie keuse.

## TRUSTS

Jy kan 'n trust opstel terwyl jy leef of 'n testamentêre trust, wat ná jou dood in tree. Ronel sê 'n testamentêre trust is gewoonlik eenvoudig en kostedoeltreffend. Die testament sal aandui watter bates of deel van jou boedel aan die trust oorgedra word, wie die trustees of inkomstebegunstigde is, hoe die trustees die geld moet gebruik, wanneer die trust beëindig word en wat met die orige bates gebeur. Die inkomstebegunstigde kan jou diere versorg; so nie wend die trustees die geld aan vir hul versorging.

## SO WERK DIT

Die trustees moet die trust administreer, trustgeld belê en die geld aan die inkomstebegunstigde betaal. Die trustee of trustees kan 'n trustmaatskappy, 'n mens of mense wees. Die trust kan byvoorbeeld die inkomstebegunstigde uit die inkomste van die trustfonds betaal om na jou troeteldiere te kyk. Wanneer die laaste dier afsterf, sal die trust beëindig en die res van die kapitaalbates aan 'n mens of welsynsorganisasie van jou keuse uitbetaal word.

> *'Ken jouself. Moenie jou hond se liefde aanvaar as klinkklare bewys dat jy wonderlik is nie'*
> – DIE AMERIKAANSE JOERNALIS RUTH CROWLEY

BRON: RONEL WILLIAMS, VOORSITTER VAN DIE FIDUSIÊRE INSTITUUT VAN SUIDER-AFRIKA EN FIDUSIÊRE SPESIALIS BY NEDBANK PRIVAAT WELVAART

## VYF VRAE OOR TRUSTS

1. **Hoe kies ek die inkomstebegunstigde?** Dit moet iemand wees wat jy kan vertrou om regtig na die diere om te sien. 'n Goeie idee is om dit vooraf met die mens te bespreek sodat hy of sy verstaan wat verwag word en hoe die trust werk.

2. **Kan ek meer as een mens 'n inkomstebegunstigde maak?** Ja, en jy kan 'n alternatiewe inkomstebegunstigde benoem om die diere te versorg ingeval die eerste byvoorbeeld sterf.

3. **Moet ek die trustees vooraf inlig?** Ja, dit sal goed wees as hulle op die hoogte van sake is. Voor hulle as die gestorwe testateur se trustees mag optree, moet hulle hul benoeming as trustees amptelik aanvaar.

4. **Wat kan die administrasie van 'n trust kos?** Daar is nie vasgestelde tariewe nie, maar wetlik word voorsiening gemaak vir redelike vergoeding aan trustees. Professionele trustees sal gewoonlik 'n fooi hef na gelang van die waarde van die trustbates, asook 'n administrasiefooi en 'n jaarlikse fooi vir die voltooiing van finansiële en belastingstate. Jou prokureur kan raad gee oor die koste.

5. **Wat kos dit om 'n trust op te rig terwyl ek nog leef?** Die oprigtingskoste om 'n lewende trust op te rig, kan wissel van R10 000 tot R30 000, sê Ronel. Dit hang af van die ingewikkeldheid van die trust en die fooi van die trustopsteller.

## HONDE GEWILDSTE

33% 23% 13% 6%

Wêreldwyd hou 'n derde van mense honde as troeteldiere aan, gevolg deur katte (23 persent). Visse (12 persent), voëls (6 persent) en ander diersoorte is minder gewild.
BRON: DIE INTERNASIONALE NAVORSINGSGROEP GfK

**WENK** Daar moet genoeg geld in die trust wees om aan alle behoeftes te voldoen; bereken wat dit sal kos om die diere lewenslank te versorg met kos, veearts- en salonbesoeke.

## KRY HIER NOG HULP

- Fisa: www.fisa.net.za.
- Die Wet op Dierebeskerming: www.daff.gov.za.
- Kontakbesonderhede vir dierewelsyn landwyd: nspca.co.za.